Aros

Rapport Onderwysfonds

Pretoria FM 104.2 FM

**Aros,** in samewerking met **Rapport Onderwysfonds** en **Pretoria FM**, bied aan verdienstelike voornemende eerstejaars van **2026** die:

# PRESTIGE-Onderwysbeurs

Aros bied *drie* onderwysbeurse ter waarde van **R250 000,00.**

**AANSOEKE OPEN**
**29 JULIE 2025**

**AANSOEKE SLUIT**
**31 OKTOBER 2025**

## DIT SLUIT IN:

- alle studiegeld
- alle voorgeskrewe handboeke
- registrasiegeld

## BEURSE WORD TOEGEKEN IN:

- BEd in Grondslagfase
- BEd in Intermediêre Fase
- BEd in SF en VOO

INFO@AROS.AC.ZA

012 332 3227

WWW.AROS.AC.ZA

## Doel

Die beurs het ten doel om drie top- presterende Afrikaanse studente wat in **2026** as **eerstejaars** by Aros registreer die geleentheid te bied om sy/haar vierjaar-onderwysgraad by Aros kosteloos te voltooi.

## Waaruit bestaan die beurs?

Aros, in samewerking met Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds, bied aan drie verdienstelike studente die geleentheid om die Prestigeonderwys-studiebeurs vanaf 2026 vir 'n studietydperk van vier jaar by Aros te wen. Die beurse beloop R250 000,00 elk oor die vier jaar en sluit die volgende in:

'n ten volle betaalde **BEd in Grondslagfase-graad**, wat die volgende insluit:

- alle studiegeld
- registrasiegeld
- alle voorgeskrewe handboeke

'n ten volle betaalde **BEd in Intermediêre Fase-graad** in **een** van twee vertakkings: Wiskunde en Natuurwetenskappe of Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe, wat die volgende insluit:

- alle studiegeld
- registrasiegeld
- alle voorgeskrewe handboeke

'n ten volle betaalde **BEd in SF en VOO-graad** in **een** van die volgende vertakkings: Natuurwetenskappe óf Tale óf Ekonomiese Bestuurswetenskappe óf Verbruikerswetenskappe óf 'n kombinasie van bogenoemde , wat die volgende insluit:

- alle studiegeld
- registrasiegeld
- alle voorgeskrewe handboeke

Aros sal 'n **beurswenner** vir elkeen van die **bogenoemde kwalifikasies** aanwys.

## Persone wat kwalifiseer om aansoek te doen

- graad 12-leerders van 2025 met 'n gemiddeld van 70% en hoër; en
- persone tot en met die ouderdom van 21 wat reeds skool met 'n gemiddeld van 70% en hoër voltooi het.

**Tydens die beoordeling van die aansoeke sal die volgende in aanmerking geneem word:**

**Akademie**

- Leerders wat tans in graad 12 is: Beide die graad 11- finale punte en Junie-eksamenpunte in graad 12 sal in aanmerking geneem word. Finale keuring is aan graad 12- finale punte onderhewig.
- Voornemende studente wat reeds graad 12 voltooi het: Die graad 12- finale punte word in aanmerking geneem.

**Deelname aan buitekurrikulêre aktiwiteite**

- skool- en ander leierskapsposisies vanaf graad 8 tot graad 12
- sport- en kultuurdeelname vanaf graad 8 tot graad 12
- gemeenskapsdiens
- stokperdjies

**Getuigskrif van die kerkleraar**

- 'n getuigskrif vanaf die leraar van die kerk/gemeente waaraan die aansoeker behoort

## Hoe om aansoek te doen

- Doen aansoek om in **2026** by Aros te studeer op Aros se aanlyn aansoekportaal.
- Laai alle benodigde dokumentasie op u profiel.
- Betaal die aansoekgeld van R250,00.
- Voltooi die beurskeuringsproses-aansoekvorm op die aansoekportaal.

# Dokumentasie wat vir die inskrywing benodig word

- Aros se aanlyn aansoekvorm (www.aros.ac.za)
- die aanlyn aansoekvorm vir die Prestigeonderwys-studiebeurs
- gesertifiseerde graad 11-eindeksamenpunte en graad 12 Junie-eksamenpunte
- ‘n getuigskrif vanaf die skool met alle buitekurrikulêre aktiwiteite daarop aangedui vanaf graad 8 tot graad 12 waarop die skool se stempel ook moet verskyn (Geen bykomende dokumente, bv. sertifikate, word benodig nie.)
- ‘n getuigskrif vanaf die leraar van die kerk/gemeente waaraan die aansoeker behoort
- ‘n matrieksertifikaat indien die aansoeker matriek voltooi het
- ‘n gesertifiseerde afskrif van die aansoeker se identiteitsdokument (ID)

Dokumentasie, soos hier bo genoem, **moet** asb. per e-pos gestuur word na info@aros.ac.za met die aansoeker se naam en van in die onderwerpreël ná afloop van die aanlyn aansoek.

# Aansoek- en sluitingsdatums

Beursaansoeke open: **Dinsdag 29 Julie 2025**
Beursaansoeke sluit: **Donderdag 31 Oktober 2025**
Die **aankondiging** van die beurswenner: Hou sosialemedia-platforms dop.

Aros
AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

## Bepalings en voorwaardes

- Alle verdienstelike persone met 'n gemiddeld van 70% en hoër wat belangstel om hul roeping in die onderwys te vervul, kan aansoek doen.
- Die Prestigeonderwys-studiebeurs is beskikbaar vir een van die volgende kwalifikasies per graadfase:

BEd in Grondslagfase

BEd in Intermediêre Fase – Wiskunde en Natuurwetenskappe ***OF***
BEd in Intermediêre Fase – Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe

BEd in SF en VOO – Natuurwetenskappe ***OF***
BEd in SF en VOO – Tale ***OF***
BEd in SF en VOO – Ekonomiese Bestuurswetenskappe ***OF***
BEd in SF en VOO – Verbruikerswetenskappe ***OF***
BEd in SF en VOO - 'n kombinasie van bogenoemde

- Die beursgeld word slegs aan studente toegeken wat vanaf **2026 as eerstejaarstudent** ingeskryf is om by Aros te studeer.
- Rapport Onderwysfonds (ROF) sal aan die naaswenner in die **BEd in Intermediêre Fase** en **BEd in SF en VOO** 'n ROF rentevrye lening aanbied ter waarde van **R40 000 elk** vir jaar 1 van die naaswenner se studie. (Besoek www.rof.org.za vir inligting rakende die bepalings en voorwaardes van 'n ROF-lening.)
- Bepalings en voorwaardes van die keuringsproses sal ook op die toestaan van 'n ROF-lening van toepassing wees.

Aros
AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

## Reëls

- Die reëls en inligting op hierdie beursblad vorm deel van die bepalings en voorwaardes vir deelname en inskrywing.
- Deelname aan die keuringsproses impliseer dat die keuringsproses se bepalings, reëls en voorwaardes tesame met die spesifieke beursvoorwaardes en die Aros-studievereistes aanvaar word.
- Indien enige inligting op die aansoekvorm vals is of indien daar enige wanvoorstellings sou wees, sal die aansoek summier afgekeur word.
- Geen persoon wat by Aros, Pretoria FM of Rapport Onderwysfonds werksaam is, sal toegelaat word om aan die keuringsproses deel te neem nie.
- Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds behou die reg voor om ’n onderhoud, wat gepubliseer of uitgesaai mag word, met die wenners te voer, foto’s te neem, ensovoorts.
- Deelname aan hierdie keuringsproses dui daarop dat toestemming gegee word om deur Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds gekontak te word.
- Vul asb. die aansoekvorm volledig in. Enige onvolledige aansoeke of addendums wat nie aangeheg is nie, kan tot gevolg hê dat die aansoek sonder enige kennisgewing afgekeur word. U gaan dus uself benadeel as inligting nie volledig deurgegee word nie.
- Beurs- en prysgeld mag nie oorgedra óf geskenk óf vir kontant omgeruil word nie.
- Beursgeld is slegs vir inskrywings gedurende 2025-vir-2026-studie.
- Alle deelnemers vrywaar Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds van enige skade en/of koste voortspruitend uit eise deur deelnemers tydens hul deelname aan die keuringsproses.
- Slegs een inskrywing per deelnemer sal voldoende wees.
- Die keuringsproses sal vanaf 06:00 op 29 Julie 2025 tot 23:59 op 31 Oktober 2025 oop wees.
- Om vir die beurs in aanmerking te kom, mag u nie vir die tydperk van u studie by ’n ander instelling studeer nie; dus moet u vir die studietydperk by Aros studeer.

- Indien Aros, Pretoria FM en/of Rapport Onderwysfonds nie daarin slaag om die beurswenner binne twee werksdae ná die sluiting van die keuringsproses telefonies te bereik nie, sal 'n ander wenner aangewys word.
- Die wenners van die Prestigeonderwys-studiebeurs sal via sosiale media aangekondig word.
- Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds is nie aanspreeklik vir enige tegniese fout wat daartoe kan lei dat 'n inskrywing nie suksesvol ingedien word nie. Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings wat verlore raak, vertraag word of nie afgelewer word nie. 'n Stuurbewys ('n bewys van die e-pos wat gestuur is) is nie 'n bewys van ontvangs nie. 'n Inskrywer moet self ontvangs van sy/haar inskrywing bevestig.
- Die student is self verantwoordelik vir verblyf tydens sy/haar studie.
- Die student is self verantwoordelik vir vervoer tydens sy/haar studie.
- Die student is self vir koste buiten klasgeld, registrasiegeld en handboekgeld, soos per studiejaar deur Aros voorgeskryf, verantwoordelik.
- Die beurswenner moet toestem dat Studentesake, Akademiese Administrasie, Finansies, asook Bemarking hom/haar vir die monitering van sy/haar studie mag opvolg en kontak.
- Handboekaankope: Hierdie beurs sluit die aankoop van handboeke in vir die drie beurswenners, en bestellings hiervan sal deur Aros geadministreer word.
- Registrasiegeld per jaar: Geld word deur Aros se finansiële afdeling geadministreer.
- Studie **moet** binne vier jaar voltooi word. Die student moet gedurende die vier jaar deurgaans 'n gemiddelde persentasie van 65% behaal en mag ook geen vakke druip nie. Indien die beurshouer 'n vak druip of sy/haar jaar druip, verval die beurs. Die beurshouer sal ook verantwoordelik gehou word vir die terugbetaling van die studiebeurs se uitstaande bedrag vir die spesifieke jaar wat gedruip is.
- Indien die beurshouer van enige oortreding ingevolge Aros se Studentedissiplinebeleid aangekla en skuldig bevind word, sal die beurshouer sy/haar beurs verbeur.

- Indien ‘n student na Aros vir kontaksessies, afsprake met dosente, ens. reis, sal die koste vir die student se eie rekening wees.
- Die aansoeker gee hiermee toestemming dat die akademiese uitslae by die aansoeker se skool/instelling direk deur Aros aangevra mag word.
- Daar sal van enige Aros-beurswenner verwag word om ’n skulderkenning in te vul alvorens so ’n beurs bekragtig word.
- Die beurswenner (tans in graad 12) word voorlopig deur Junie-eksamenpunte gekeur en is aan finale matriekuitslae onderhewig.
- Voornemende studente wat reeds graad 12 voltooi het, sal op grond van hul graad 12-punte gekeur word.
- Geen korrespondensie sal gevoer word rakende die uitslag van enige aansoek nie.

## Navrae

- Navrae kan skriftelik aan info@aros.ac.za gerig word.

’n Jaar van saam
’n verskil maak